IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-06-25

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 114

(Bladsye 5 670 - 5 726)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 25 JUNIE 1986.

HENDRIK JACOBUS STANDER, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Adjudant, u het getuig van 'n vergadering wat in April 1984 gehou sou gewees het? -- Dit is reg.

U het verder gesê dat dit 'n vergadering van GRAFCOM was? -- Dit is korrek.

Is u seker daarvan? -- Ja.

Kan u vir Sy Edele net kortliks aandui hoe u by die inligting uitgekom het dat dit GRAFCOM was wat dit georganiseer het? -- Die advertensies wat opgeplak was het gesê GRAFCOM. Dit het bo-aan die advertensiestuk gestaan.

U het nie van die advertensies ingesamel nie? -- Nee, ek het nie.

En u sê u is seker dat kort nadat u die advertensies gesien het, u die vergadering gemonitor het? -- Dit is reg.

Ek wil dit aan u stel dat daar nooit so 'n vergadering plaasgevind het nie? -- Daar het wel so 'n vergadering plaasgevind.

Ek wil dit ook aan u stel dat GRAFCOM gestig is slegs in Julie 1984? -- Die pamflet wat ek gesien het, die advertensie, het gesê GRAFCOM.

Ek wil u verwys na een van die bewysstukke wat u gister hier ingehandig het. Dit is ABA(6). Dit is 'n GRAFCOM Nuus wat volgens u in Augustus 1984 versprei is? -- Dit is reg.

En dat dit wel so is sal nie betwis word nie, maar ek wil u net verwys na die eerste sin op die nuusblaadjie. Ek sal dit vir u lees "Geskiedenis van GRAFCOM Nuus. Kerkorganisasies, sportorganisasies, studente-organisasies, verenig onder vaandel van UDF. 24/7/84." Dit is waar ek die datum gesien het. -- Ek sien dit.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek wil dit aan u stel dat dit pas in hierdie maand is wat die organisasie gestig is.

HOF : In Julie?

MNR. TIP : In Julie.

HOF : 1984.

MNR. TIP : Julie 1984.

HOF : Hoe klop dit met die volgende sin wat sê dat GRAFCOM 'n gedenkdiens gehou het op 16 Junie?

MNR. TIP : Dit klop nie heeltemal nie. Dit mag wees dat dit in Juniemaand was.

HOF : Het u instruksies afsonderlik van dokument ABA(6), want as u dit net op ABA(6) baseer, mag dit wees dat u die eerste sin verkeerd vertolk?

MNR. TIP : Ek het afsonderlike getuienis dat dit wel - dit was nie presies aan my oorgedra nie, maar dat dit in Junie/ Julie was.

HOF : Gaan maar voort.

MNR. TIP : Kan u enigsins daarop kommentaar lewer? -- Die organisasie GRAFCOM, volgens die eerste sin sê hy nie dat dit op daardie dag, 24/7/84 gestig is nie, maar volgens my waarneming en tydens my ondersoek weet ek dat hierdie organisasie voor daardie datum reeds bestaan het. Dit kan moontlik wees dat 24 Julie 1984 slegs die amptelike stigting was, maar hulle het reeds as sulks voor daardie datum gefunksioneer.

Ek wil u ook op soortgelyke trant verwys na die GRAFCOM Nuus Indaba. Dit is ABA(7).

HOF : Terwyl ons met ABA(7) besig is, dokument ABA(5) en ABA(7) moet vertalings kry. Daar is groot stukke in ABA(7) wat nie in Afrikaans of Engels is nie.

MNR. FICK : Die tolk wat hier beskikbaar is, is besig met vertalings.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Sal ons die goed kry?

MNR. FICK : Ons sal dit kry.

MNR. TIP : In die dokument ABA(7) is daar 'n bladsy wat bo-aan staan GRAFCOM. Ek wil u net verwys na die eerste sin op die bladsy. "Graaff-Reinet Gemeenskapsorganisasie is nou net vyf maande oud." Sien u dit? -- Ek sien dit.

Volgens u getuienis het u die dokument ABA(7) in Novembermaand gekry op die 15de? -- Dit is so.

En dit sal ook nie betwis word nie, maar ek vra weer of u kommentaar kan lewer oor die stelling wat daar in die dokument gemaak is dat dit nou vyf maande oud is en dit sou weer 'n aanduiding wees dat dit teen Juliemaand 1984 gestig is as organisasie? -- Hier is geen datum op die dokument wanneer dit uitgereik is nie. Ek het dit wel gevind November 1984.

Miskien kan ek u ook verwys na dieselfde dokument net om die tyd hiervan te bepaal. Daar is 'n uitknipsel van 'n koerantberig. Bo-aan staan GRAFCOM en Sportbeheerraad. Die eerste sin lees "Hey Bakiti(?), weet julle wat? Op 13 November het ons 'n 'meeting' gehad" ensovoorts, maar dit blyk 13 November 1984 te wees. In elk geval, ek stel dit aan u dat dit inderdaad wel so is dat GRAFCOM as organisasie pas teen Junie miskien Juliemaand gestig is en dat dit sekerlik nie in Aprilmaand 1984 bestaan het nie. -- Die organisasie het gefunksioneer voor daardie datum as GRAFCOM.

Hoe lank was u gestasioneer in die veiligheidstak te Graaff-Reinet? -- Sedert 1975 is ek op Graaff-Reinet.

En was u gedurende hierdie tydperk grotendeels betrokke met die Swart- en Kleurlingwoongebiede? -- Dit is so.

Ek wil so kort moontlik die algemene toestand in veral die Swartgemeenskap, die Swartwoongebied met u behandel net om 'n bietjie agtergrond te skets in verband met die

... / toestande

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

toestande daar. Dit is nogal 'n arm gemeenskap, sal u saamstem?

HOF : Die Graaff-Reinet se Kleurling- en Swartgemeenskappe, is dit 'n arm gemeenskap? -- Ja, dit is 'n redelike arm gemeenskap.

MNR. TIP : In die tydperk waarvan ons nou praat 1984, was daar blykbaar baie min nywerheid gestig in die omgewing? -- Dit is so.

Daar is heelwat werkloosheid? -- Dit is so.

En dit het in die jaar 1984 erger begin word met die afdanking van werknemers in die Port Elizabeth motorbedryf? -- Dit is so. (10)

Miskien kan ek dit net kortliks aan u stel dat daar baie mense veral in die Swartwoongebied was wat gesukkel het om enigsins 'n inkomste te verkry en het gesukkel om die huurgelde te betaal? -- Dit is so.

U sal seker ook saamstem uit u eie waarnemings dat baie van die huisvesting in veral die Swartwoongebied van 'n baie swak gehalte was? -- Dit is so.

Dat daar in van die strate so vir twintig huise miskien twee waterkrane beskikbaar is in van die gedeeltes? -- Sover as wat my kennis strek, is dit een per tien. (20)

En dat daar ook gemeenskaplike toiletgeriewe bestaan, wat as onvoldoende beskou word deur die inwoners? -- Daar is vir elke huis toiletgeriewe.

HOF : Is dit die emmersisteem? -- Dit is die emmersisteem.

MNR. TIP : Ek stel dit aan u dat in die algemeen - ek wil sover moontlik probeer om detail te vermy, was baie van die inwoners wat gevoel het dat die gemeenskapsraadstelsel nie verbetering in hulle woontoestande te weeg gebring het nie. -- Ek kan nie daaroor getuig nie. Wat ek wel weet, voor 1984 voor die stigting van die verskeie organisasies het ek as (30) polisiebeampte in die woonbuurt goeie samewerking gekry en

... / nooit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nooit ernstige probleme ondervind byvoorbeeld om in die woonbuurt in te gaan enige tyd van die dag of nag nie en oor die algemeen gesien was daar goeie samewerking tussen die polisie en die Swartpubliek op Graaff-Reinet.

My vraag is eintlik gemik op die persepsie wat die inwoners gehad het van die gemeenskapsraadstelsel. Dit was nie eintlik met betrekking tot die polisie nie. U sê u is nie in staat om daaroor spesifiek te getuig nie. -- Nee, ek is nie op hoogte met die werksaamhede van die gemeenskapsraad nie.

Mnr. Nissen, u sal onthou dat u gister gemeld het dat daar twee foto's - dié wat geneem is by die vergadering van 8 Augustus - by hom gevind is. U Edele, ek gaan nie na die inhoud van die foto's verwys nie.

HOF : Laat ons dit net op rekord plaas. Dit is AAY(24) en AAY(25).

MNR. TIP : Is dit korrek? -- Dit is so.

HOF : Terwyl ons nou met mnr. Nissen besig is, hy is op AAY(25), is hy 'n predikant? -- Dit is so.

Van watter kerk? -- Van die Reformed Presbyterian Kerk.

Maar hy is van Graaff-Reinet? -- Dit is so.

Maar u het ook gesê dat hy die uitvoerende bestuur van die UDF van die Wes-Kaap is? -- Dit is so.

Maar Graaff-Reinet lê nie aan die Wes-Kaap nie. -- Ek kan miskien net daar vir u verduidelik. Eerwaarde Nissen was met die stigting van die UDF nog in Kaapstad. Hy het toe op 'n later stadium na Graaff-Reinet oorgekom.

MNR. TIP : Kan u nog onthou wanneer hierdie twee foto's na bewering gekry is? -- Dit was gedurende 1985.

Gedurende Meimaand 1985? -- Ek kan nie die presiese maand onthou nie. Dit kan wees.

En op hierdie geleentheid het u eerwaarde Nissen se huis

... / deursoek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

deursoek? -- Dit is so.

En dit was die enigste geleentheid dat so 'n deursoeking uitgevoer is? -- Deur my.

U het sekerlik op ander dokumente ook beslag gelê? -- Dit is so.

Het u 'n inventaris opgestel? -- Ek het vir hom 'n kwitansie gegee.

Sover ek vandag in staat is om met hierdie bewering te handel wil ek dit aan u stel dat hy blykbaar geen kwitansie ontvang het nie? Is u miskien nie heeltemal seker daarvan nie? -- Ek weet dat mnr. Nissen altyd aangedring het op 'n kwitansie vir enige dokumente wat ons van hom geneem het.

Weet u wie die foto's geneem het op die vergadering? -- Nee, ek weet nie.

Dit is eintlik nie 'n punt van groot belang nie en ek wil dit probeer kort sny. Daar is 'n persoon Dennis Blouw. -- Ek ken so 'n persoon.

Hy is 'n fotograaf. Dit is sy beroep? -- Nee, dit is nie sy beroep nie.

HOF : Wat is die beroep van die persoon wat u ken? -- Hy is 'n afleweringsbeampte by Truworths op Graaff-Reinet.

MNR. TIP : Dit blyk 'n deeltydse onderneming van Blouw te wees, dat hy 'n fotograaf is en dat hy daarvan verkoop. -- Nee, ek dra nie daarvan kennis nie.

Ek stel dit maar aan u dat die foto's AAY(24) en AAY(25) nie by eerwaarde Nissen gekry is nie? -- Dit was tussen dokumente wat ek by hom gekry het.

Terwyl ons besig is met die vergadering van 8 Augustus, wil ek BEWYSSTUK ABA(5) met u bespreek. U was nie self gedurende die verloop van die vergadering op 8 Augustus in die saal nie. Is dit so? -- Terwyl die vergadering aan

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die gang was, was ek nie self daar binne-in nie.

Hoeveel van die dokumente sê u het u daar gevind? -- Dit is moeilik - as ek vir die Hof kan beduie, dit was omtrent 'n half duim pakkie.

En u het beslag gelê op die pakkie? -- Dit is korrek.

Was dit die enigste pakkie van die dokumente wat u daar gesien het? -- Ja, dit was die enigste pakkie.

HOF : Hoe lank na die vergadering het u daarop beslag gelê? -- Dit kan so lank wees soos vyftien minute.

MNR. TIP : U weet nie wie die pakkie daar gebring het of wie dit daar gelos het nie? -- Nee,

HOF : Waar het dit gelê? -- Dit was by die ingang van die saal net aan die binnekant.

Op 'n tafel? -- Op 'n tafeltjie het dit gelê.

MNR. TIP : Hoeveel ingange is daar tot die saal? -- Die hoof-ingang voor en dan is daar 'n sydeur waarvan ek kennis dra.

En is dit so dat die verhoog aan die teenoorgestelde kant van die saal is waar die pakkie gelê het? -- Dit is so.

Wat ek aan u stel is dat die persone wat met die organisasie van die vergadering besig was, nie gereël het dat so 'n dokument voorberei word of beskikbaar gestel word nie? -- Ek kan dit nie betwis nie.

Net om duidelik te wees. Ek is nie in staat om te stel dat dit glad nie daar was nie, maar as dit wel daar was, dat dit deur iemand anders as die organiseerders daar gebring is. -- Dit kan ek nie betwis nie.

Ek wil nou na die aspek van die skoleboikot gaan. Dit is wel so dat daar 'n boikot ontstaan het by die Ngwebu Sekondêre Skool, maar u het getuig dat dit van Februarie 1984 begin het. Is dit so? -- Sedert Februarie.

Ek stel dit aan u dat dit 'n bietjie later was, so teen

... / ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ek is ook ongelukkig nie in staat om 'n presiese datum aan u te stel nie, maar dat dit in Maartmaand begin het, maar dat dit blykbaar vir 'n kort rukkie geduur het en toe weer - dat skoolklasse toe weer normaal begin het? -- Ek weet daar was einde Februarie probleme. Dit het opgebou. By tye het dit redelik normaal by die skool gegaan. By tye was daar weer probleme en so het dit voortgeduur bykans vir die hele 1984.

Dit klop met die algemene opdrag wat ek het. Dit was die patroon gedurende die volle jaar 1984. -- Dit is so.

Die een aspek waar ek u getuienis moet betwis is waar u praat van die UDF T-hempies en ek wil eerstens u vra om te probeer om meer presies die tydperk vas te stel wanneer u die UDF T-hempies gesien het. U praat van die UDF T-hempies wat van die skoliere gedra het op die skoolterrein. -- Ek kan nie sê presies van watter datum af nie, maar wat ek wel weet is dat gedurende daardie tydperk het ek dit daar gesien. Ons het verskeie leerlinge langs die pad gekry op pad skool toe met sulke T-hempies aan gedurende 1984.

Wat ek daaromtrent aan u wil stel is dat dit slegs van Juliemaand was dat daar UDF T-hempies in Graaff-Reinet beskikbaar was? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Dit kan wel wees dat hier en daar 'n enkele skolier 'n UDF T-hempie in die hande gekry het, maar die getal waarvan u getuig het, dat daar so twintig skoliere was, slegs na Julie kon gewees het? Kan u dit betwis? -- Ek kan dit nie betwis nie.

Die dag 24 April 1984 waarvan u getuig het, dit is nou ten opsigte van die gebeure by die Ngwebu Sekondêre Skool, op hierdie stadium was daar weer 'n gedeeltelike boikot aan die gang? -- Dit is reg.

<u>HOF</u> : Dit is 'n skoleboikot?

... / MNR.TIP

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. TIP : 'n Skoleboikot. Die onmiddellike oorsaak daarvan was die skorsing van een van die skoliere daar Pase? -- Dit is korrek.

Dit is onnodig om hier te bespreek of sy skorsing onnodig was of nie, in elk geval, die skoliere het dit beskou as onregverdig. -- Dit is so.

Onthou u dat die rondgaande inspekteur ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wonder of dit nie die kringinspekteur moet wees nie. -- Dit is so.

MNR. TIP : 'n Mnr. Blackie. Hy was daar teenwoordig en die prinsipaal van die skool, mnr. Mankay was ook by die skool en verskeie ander onderwysers? -- Dit is so.

Dra u kennis dat 'n afvaardiging van die skoliere besig was met die prinsipaal? Dit is op die stadium wat die kringinspekteur en die polisie daar opgedaag het? -- Nee, ek dra nie daarvan kennis nie.

HOF : Het die kringinspekteur met die polisie opgedaag? -- Die kringinspekteur het ons geskakel. Hy het op 'n stadium daar opgedaag. Ek kan nie onthou of hy saam met die polisie of voor ons of daarna daar gekom het nie, maar hy was ook op die terrein.

MNR. TIP : Terwyl die groep skoliere gewag het op die verslag van die afvaardiging, het die kringinspekteur hulle beveel om die terrein te verlaat binne vyf minute? Het u so iets gesien? -- Die eerste wat ons voor te staan gekom het - ons was toegang geweier tot die skool. Die hek was met 'n slot toegesluit en nadat ons inbeweeg het, is daar teen die leerlinge opgetree.

Is die polisie eintlik deur die kringinspekteur versoek om die skoliere daar te verwyder? -- Dit is so.

... / En

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

En volgens my opdragte is dit so dat die versoek aan die polisie gerig is, dit is die versoek van die kringinspekteur aan die polisie gerig is op die skoolterrein in die teenwoordigheid van die skoliere? -- Die rede waarom ons na die terrein gegaan het, is dat die kringinspekteur laat weet het dat die hek gesluit is en dat die onderwysers nie die skool kan verlaat nie en dat die polisie vra om op te tree. Dit is sover as wat my kennis strek.

U sal seker saamstem dat heelwat van die skoliere deur die polisie met karwatse geslaan is in die proses? -- Dit was so.

Na die gebeure het u getuig oor die aanvalle op die prinsipaal se huis, 'n polisiebeampte se huis, net een huis daarvandaan en dan ook die verbranding van die Onderwys Departement se voertuig? -- Dit is so.

U het self die tonele besoek na die aanvalle? -- Dit is korrek.

En uit u eie kennis kan u nie getuig oor wie in die aanvalle betrokke was nie? -- Nee, op daardie stadium toe ek daar gekom het, was die persone daarvoor verantwoordelik reeds weg.

Die 16 Junie vergadering, ek wil net 'n paar vrae daaroor stel, daar is 'n foto daarvan geneem. Ek wil net vra of dit verteenwoordigend is van die groep persone wat daar teenwoordig was? -- Ja.

En toe die foto geneem is, was die vergadering 'n rukkie al aan die gang? -- Dit is so.

En sou al die persone daar deur die traangas geloop het? -- Baie van hierdie persone het, toe die polisie begin optree het, weggehardloop. Die traangas was, sover my kennis strek, uitsluitlik gebruik om die persone wat in die huis ingevlug het en wat geweier het om uit te kom, uit die huis uit te kry.

... / Op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Op 15 November 1984 is u in staat om te skat hoe lank na die voorval by mnr. Mpepho se huis u daar aangekom het? -- Dit kan tussen 'n half- en 'n driekwartier wees, skat ek dit.

Ek neem aan dat u geen persoonlike kennis dra van wat daar plaasgevind het nie? -- Nee.

Maar u het seker daarna gehoor dat iemand daar doodgeskiet is? -- Dit is so.

Nou wil ek die dokument ABA(7) met u behandel. Dit is die GRAFCOM Nuus Indaba. U het die motor van eerwaarde Nissen deursoek. Is dit so? -- Dit is so. (10)

Hoeveel keer het u dit deursoek ten tye van hierdie voorval? -- Dit was net die een keer die aand.

HOF : Hoe laat was dit? -- Dit kan in die omgewing van 22h00 die aand gewees het.

Hoe laat was die voorval by Mpepho? -- Dit was ongeveer 21h00 dieselfde aand.

MNR. TIP : En onthou u dat op die stadium wat - toe die motor die aand gestop is, was daar die volgende persone in die motor. U was seker self teenwoordig. -- Dit is so.

Dat daar 'n mnr. Kuboni in was? -- Dit is so. (20)

Volledigheidshalwe, dit is een van die persone wat as president die dokument ABA(7) onderteken het? -- Dit is so.

En dan was daar 'n ander persoon Belinda Swart, Melvin Petersen, Joyce Steward en miskien nog 'n ander? -- Dit is so.

Maar eerwaarde Nissen self was nie teenwoordig nie? -- Dit is so.

HOF : Was hy nie in die motor nie? -- Hy self was nie in die motor nie.

MNR. TIP : En die rede hoekom die mense in sy motor gery het, is omdat hulle sy motor geleen het om familie van die ge- (30) wonde persoon na die hospitaal te vervoer? -- Dit was so.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Was hierdie Swart, Petersen en Steward familie van die gewonde persoon? -- Sover my kennis strek was daar slegs een Swartvrou wat 'n familielid of 'n kennis was van die oorledene. Ek is nie heeltemal seker nie, maar ek weet dat mnr. Kuboni, mej. Swart, Mev. Steward en - nie familie van die oorledene was nie.

MNR. TIP : Dit word nie beweer dat al die persone familielede was nie, maar dat die motor wel gebruik is om familielede na die hospitaal te vervoer? -- Dit was so. Die voertuig was van die hospitaal terug.

Dit gaan nie betwis word nie dat die wasvel van die FSAW kaarte gevind is in die motor nie, maar dat dit geensins die eiendom van eerwaarde Nissen was nie? -- Ek kan nie sê dat dit die eiendom van eerwaarde Nissen was nie. Ek kan dit nie sê nie.

En laastens, volledigheidshalwe dat eerwaarde Nissen glad nie betrokke was by die voorbereiding van die GRAFCOM Nuus Indaba ABA(7) nie? -- Ek kan dit nie getuig nie.

Net een laaste aspek. U het 'n paar opmerkings gemaak in u getuienis oor die algemene toestand daar in die woongebiede gedurende 1984 en dat daar van tyd tot tyd onrus ontstaan het. Is dit so? -- Dit is so.

Ek het die indruk gekry van die getuienis, ek weet nie of my nota volledig is nie, maar die indruk was dat dit eintlik altyd rondom die skoletoestand was? -- Daar was ook gevalle waar teen lede van die gemeenskapsraad opgetree is wat ek nie in verband kan bring met skole-aangeleentheid nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Net twee vrae. Eerstens het u in kruisondervraging getuig dat voor hierdie organisasies tot stand gekom het in 1984 was die verhouding tussen die polisie en die publiek goed gewees in die algemeen? -- Dit

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is so.

Na die organisasies tot stand gekom het, wat was die posisie toe? — Daar was 'n duidelike vyandiggesindheid teenoor die polisie vanaf die Swartgemeenskap se kant.

Is dit iets wat oornag verander het of het dit geleidelik al hoe meer versleg? — Dit het begin en dit het oor die tydperk 1984 vererger.

Dan het u getuig in verband met ... (Mnr. Tip kom tussenbei)

MNR. TIP : Mag ek net op rekord plaas, die getuie het wel ten opsigte van die verhouding tussen die gemeenskap en die polisie 'n antwoord gegee, maar volgens ons submissie het dit nie eintlik gevolg op die vraag nie.

HOF : Dit is so, maar dit is nou op rekord. Ek sal u die geleentheid gee om weer te kruisvra as u wil.

MNR. FICK : In verband met die voorval by die skool, die 24ste April 1984 toe die skool se hekke gesluit was, uit u eie kennis, u weet nie wat die rede was waarom die onderwysers daar toegesluit was en nie kon uitkom nie? — Nee, ek het nie kennis wat die rede daarvoor was nie.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR.TIP : Voortspruitend daaruit wil ek dit net aan u stel dat die vyandiggesindheid waarvan u nou melding gemaak het, eintlik veroorsaak is deur die optrede van die polisie teen veral die skoliere in die gemeenskap? — Dit kon deels bygedra het, maar die grawe van slote en die aanbring van versperrings, is dinge wat gebeur het sonder dat daar byvoorbeeld polisie-optrede was.

U Edele, ek is nie in staat om elke sodanige geleentheid in besonderhede met die getuie te behandel nie. Ek het geen verdere vrae nie.

GEEN VERDERE VRAE.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK VRA VIR 'N KORT VERDAGING TEN EINDE DIE ROEP VAN DIE VOLGENDE GETUIES MET MNR. TIP TE BESPREEK.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat roep se naam is Jacobus Adriaan Vorster. Hy getuig oor daad 66 paragraaf 11 bladsy 78 van die besonderhede en paragraaf 6 van die wysigings tot die besonderhede.

JACOBUS ADRIAAN VORSTER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is tans gestasioneer te Pietermaritz-burg? -- Dit is korrek.

Van wanneer af was u gestasioneer in Pietersburg? -- Sedert 1978 tot en met Januarie 1986.

U was daar verbonde aan die veiligheidstak? -- Dit is korrek.

Mankweng, het dit onder u gebied geressorteer wat u gewerk het? -- Dit is korrek.

HOF : Wat is Mankweng? -- Mankweng is 'n Swartwoongebied net buitekant Pietersburg, so 30 kilometers noord van Pietersburg.

MNR. FICK : Hoe groot is hierdie Mankweng? -- Mankweng se bevolking is ongeveer tussen sewe- en agtduisend. Dit is moeilik om te sê, want hy is taamlik wyd versprei.

Op 13 April 1985 ongeveer 09h00/09h30 was u op diens gewees by watter plek? -- Ek was op diens te Pietersburg, die dorp self en wel by Lange en Seun Horlosiemakers in die hoof-straat van Pietersburg, Landdros Maréstraat.

Wat was u besig om te doen? -- Ek was besig met observasie-dienste. Ek het 'n stel kantore of 'n winkel direk oorkant Lange en Seun Horlosiemakers dopgehou. Die winkel se naam is Guys and Girls en bokant die winkel word die kantore van die Northern Transvaal Council of Churches, die Northern

... / Transvaal

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Transvaal Advice office en die South African Allied Workers Union se kantore gehuisves.

Wat het gebeur? -- Terwyl ek observasiediens gehou het, het verskeie Swartpersone die perseel binnegegaan en weer uitgekom. Hulle het gekom en gegaan. Daar was ongeveer veertig persone, en uit die veertig persone het ek onder andere die volgende persone identifiseer: Rejoice ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is 'n vrou? -- 'n Swartvrou. Rejoice Mabudafasi. Sy was daardie tyd die notulesekretaresse van die UDF Ko-ordinerende Komitee van Noord-Transvaal asook die vroue-organiseerder van Mankweng Civic Association. Ek het ook Swartman Louis Aaron Nguni geïdentifiseer. Swartman Nguni was die sameroeper van die UDF Noord-Transvaal Koördinerende Komitee, asook die voorsitter van Mankweng Civic Association.

MNR. FICK : Afgekort MACA? -- Dit is korrek. Die derde persoon Swartman Peter Ramoswana Mokaba, wat die tesourier en organiseerder van die Noord-Transvaal UDF Koördinerende Komitee was. Hy was die beskermheer van Mankweng Youth Congress, afgekort MYCO. Mokaba was ook 'n lid van die African National Congress. Ek kan net aan U Edele verduidelik dat hy gedurende 1982 gearresteer was, gedurende 1983 tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis is ingevolge die ou wet op terrorisme en die huidige wet op binnelandse veiligheid. Hy het 'n bekentenis afgelê waarin hy bekend het dat hy 'n lid van die ANC is. Op appèl ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Was hy skuldig bevind? -- Hy was skuldig bevind.

MR TIP : Again, My Lord, I just note our reservation of rights in regard to the status of this evidende. I believe it falls on the same plane as the previous.

COURT : Let us just see what it goes to. I think he would be

... / entitled

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

entitled to tell this Court that in another court he was found guilty being a member of the ANC. I do not know exactly what he was found guilty of.

MNR. FICK : U sê hy was skuldig bevind? -- Hy was skuldig bevind as lid van die ANC onder die ou wet op terrorisme, soos ek gesê het en die nuwe wet op Binnelandse Veiligheid, artikel 54(1). Op appèl is beslis dat die saak de novo verhoor word en hy is in Maart 1985 tot drie jaar en ses maande, opgeskort vir vyf jaar gevonnis. Die vierde persoon wat ek geïdentifiseer het, was Itumuleng Phule, 'n Swartman, 'n lid van AZASO Turfloop of Universiteit van die Noorde se tak. Om ongeveer 10h50 het die Swartpersone wat die gebou binnegegaan het na die sypaadjie uitgestroom en het groot wit plakkate gedra. Phule het 'n plakkaat om sy nek gehang en op die sypaadjie gestaan. Die plakkaat se bewoording was "Release Mandela and all political prisoners." Mabudafasi het twee plakkate gedra, met die bewoording "Long live the UDF. Ban Apartheid" en die ander een "Stop tearing us apart." Mokaba het 'n plakkaat gedra met die bewoording "SADF get out of Langa." Mokaba het 'n "Release Mandela" T-hempie aangehad, Mabudafasi het 'n "Detainees Parents Support Committee" T-hempie aangehad ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Afgekort as DPSC? -- Dit is korrek. Phule het 'n AZASO T-hempie aangehad. Nguni het nie 'n plakkaat gedra nie, maar hy het aan die optog deelgeneem. Ek het op Phule se plakkaat sowel as dié van Mabudafasi persoonlik beslag gelê en aan hulle 'n kwitansie uitgereik daarvoor. Altesaam was 17 persone met plakkate daardie dag in hegtenis geneem.

U het foto's laat neem van die plakkate? -- Dit is korrek.

Ek wil aan u dokumente toon AAY(35) tot (41). Vir rekorddoeleindes kan ons net die bewoording van die plakkate

... / op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

op rekord kry. AAY(35) toon wat? -- Die bewoording van die plakkaat "Le Grange stop murdering our people. No to treason charges. Release Mandela and all political prisoners. SADF get out of Langa."... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Net 'n oomblik, die eerste drie wat u gelees het, is dit drie verskillende plakkate? -- Dit is drie verskillende plakkate.

Soos wat op AAY(35) voorkom? -- Dit is korrek. AAY(36) begin dan met "SADF get out of Langa."

Is dit een plakkaat? -- Dit is een plakkaat. Die tweede plakkaat is "Stop tearing us apart." Die derde een is "Release Mandela and all political prisoners.

AAY(37)? -- "Long live UDF. Ban Apartheid." AAY(38) het ook drie plakkate. "Long live UDF. Ban Apartheid." Dit is die een. "No to Bantu starvation." Dit is nommer twee en nommer drie "Food for all at prices we can afford." AAY(39) "Botha do not claim the support of ZCC Congregation." Die tweede een "Jobs and food for all. Not bullets." Die derde een "Bantustan destroys humanity." AAY(40). Die eerste een "Botha's visit to ZCC would not serve apartheid." Die tweede "No to Bantustan starvation." Die derde "SADF get out of Langa." AAY(41), die eerste "Release Mandela and all political prisoners." Die tweede een "Long live UDF. Ban Apartheid" en die derde "Stop tearing us apart."

U het ook foto's wat geneem is daar by die kantore toe die persone daar uitgekom het met die plakkate? -- Dit is korrek.

Het u die foto's laat neem? -- Ek het die foto's laat neem.

Deur 'n polisiebeampte? -- Dit is korrek.

In hierdie verband wil ek aan u toon AAY(42) tot (50).

... / Kan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kan u net by AAY(42) begin en op rekord plaas wie is dit daardie wat u daar sien? -- Op AAY(42) is onder andere Peter Ramoswana Mokaba en Louis Aaron Nguni wat voor die perseel saamgedrom het nog voor die plakkate op die sypaadjie verskyn het. In die agtergrond kan u die naambord van die Northern Transvaal Council of Churches, Northern Transvaal Advice Office en SAWU sien.

AAY(43). -- AAY(43) weer eens die twee persone wat reg voor staan aan die linkerkant is Mokaba en aan die regterkant Nguni en heel regs staan 'n Swartvrou met 'n opgerolde plakkaat.

Wie is dit? Weet u? -- Sy is aan my onbekend. AAY(44) die persoon wat met die opgerolde plakkaat in sy hand loop is Edward Nkadimeng. Hy het gedurende die einde van 1985 die land verlaat. Die persoon langs hom is Vincent Mxolise Mahlalela. Hy is die middel 1985 gearresteer vir terroriste bedrywighede en het gedurende Oktober uit die Tzaneen polisieselle ontsnap en is huidiglik nog soek. AAY(45), die Swartvrou heel links is Mabudafasi.

Het sy enigiets by haar? -- Met 'n opgerolde plakkaat. Die ander persone is aan my onbekend. Daar is ook 'n tweede Swartvrou met 'n opgerolde plakkaat. AAY(46) van regs voor die tweede persoon is weer Mabudafasi wat stap met haar plakkaat. Die ander persone is onbekend. AAY(47), die vroue persoon in die middel met die DPSC T-hempie aan is weer Mabudafasi. AAY(48)... (Hof kom tussenbei)

HOF : Mnr. Fick, ek het gister vir u gesê dat ek nie 'n honderd foto's van dieselfde ding wil hê nie. Ons het nou vir Mabudafasi op drie foto's gehad, met niemand anders wat die getuie ken nie. Ons het op die ander foto's ook 'n ander klomp mense gehad. Waarom moet ons al die foto's inneem?

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Ek het ongelukkig nie 'n ekstra stel by my nie, maar ek doen aan die hand dat die een toon waar sy met die plakkaat stap ... (Hof kom tussenbei)

HOF : En die ander een staan sy met die plakkaat en die ander een stap sy na regs met die plakkaat en die volgende een na links met die plakkaat. Wil u hê dat sy agteruit ook moet loop met die plakkaat?

MNR. FICK : Nee.

HOF : Waarom moet ek al die foto's inneem? Kan daar nie 'n bietjie diskresie gebruik word wat die dokumentasie en die foto's betref nie. As u wil bewys dat Mabudafasi daar was is een foto heeltemal genoeg. Watter een van die klomp wil u hê?

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wat se T-hemp het sy aan het u gesê? -- 'n "Detainees Parents Support Committee."

MNR. FICK : AAY(46).

HOF : AAY(47) weier ek om te ontvang. AAY(45) weier ek om te ontvang. Ons sal nou hulle hernommer. Watter van die volgende wil u nie hê nie? Hier staan 'n man op met 'n trui. Is hy van belang?

MNR. FICK : AAY(48). Die is die getuie wat beslag gelê het op die plakkate.

HOF : Nou-ja, ons weet hoe lyk hy. Ek dink nie ons het 'n foto van hom nodig nie. Ek weier om hom te ontvang.

MNR. FICK : AAY(49)? -- Dit is Phule wat met die plakkaat om die nek staan.

Met die AZASO T-hempie? -- Met die AZASO T-hempie.

HOF : AAY(50)? -- AAY(50) is Johannes Sefiso Butelezi.

Nou goed, as dit van belang is, kan ons hom ook vat. Nou begin ons weer oor. By die eerste klomp wat u ingehandig het AAY(43) en AAY(42), is dit nodig om albei van hulle te hê? Dit is albei 'n groep mense wat voor die kantoor staan, voor

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die winkel staan met opgerolde plakkate.

MNR. FICK : Dan kan ons AAY(43) uitlos.

HOF : AAY(43) vat ons nie. Nou begin ons weer voor. AAY(42) behou sy bestaande nommer. AAY(44) word nou AAY(43). AAY(46) word nou AAY(44). AAY(49) word AAY(45) en AAY(50) word AAY(46). Dan kan u nou weer op rekord plaas, wat die korrekte nommers betref, wat u op rekord wil laat plaas.

MNR. FICK : Laat ons by AAY(42) kom? -- AAY(42) is Peter Ramoswana Mokaba en Louis Aaron Nguni reg in die middel van die foto, en die naambord van die kantore, soos ek reeds vermeld het.

AAY(43), wie is dit? -- Dit is Edward Nkadimeng met die opgerolde plakkaat. Hy het aan die einde van 1985 die land verlaat. Aan sy regterkant is Vincent Nxolise Mahlalela wat gedurende 1985 gearresteer is vir terroriste bedrywighede. In Oktober 1985 het hy ontsnap uit die Tzaneen polisieselle en is nog soek.

AAY(44)? -- Van regs gesien, die ry persone aan die voorkant, van regs die tweede persoon is Mabudafasi, soos ek reeds vermeld het.

AAY(45)? -- Is Phule met die "Release Mandela and all political prisoners" plakkaat om sy nek en sy AZASO T-hempie aan.

AAY(46)? -- Is Johannes Sefiso Butelezi. Hy het ook 'n "Release Mandela" u kan nie verder sien nie, maar hy het 'n "Release Mandela" plakkaat om sy nek. Hy het ook saam met Nkadimeng reeds die land verlaat.

Dan wil ek met u gaan na Maart 1985. U het beslag gelê op sekere dokumente?-- Dit is korrek.

HOF : Net om die ding 'n bietjie in perspektief te plaas. Hier is daar nou 'n optog met plakkate. Aan wat is dit

... / vasgeknoop

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vasgeknoop? Was daar 'n gebeurtenis in daardie tyd waarom die mense gedemonstreer het? -- Dit was nie spesifiek 'n gebeurtenis nie. Dit het gegaan oor polisie-optredes en Weermagoptredes in Swartwoongebiede.

MNR. FICK : Waar was hierdie polisie-optredes? -- Dit was in Mankweng woongebied self en dan ook dit was in solidariteit met die res van die RSA waar daar sulke optredes was.

Dan wil ek met u gaan na Maart 1985. U sê u het beslag gelê op sekere pamflette. Waar het u beslag gelê op die pamflette? -- In Mankweng woongebied en op die kampus van die Universiteit van die Noorde.

Ek toon aan u 'n dokument, ABA(9). Dit is getiteld "Over 70 killed in Port Elizabeth." Kan u aan die Hof aandui wat was die - was daar enige optrede in Mankweng in verband met hierdie pamflet? Was daar enige vergaderings gehou oor hierdie tyd? Hoe het dit gebeur dat die goed versprei is of weet u nie? -- Nie spesifiek toe hierdie pamflet op beslag gelê is nie, maar dit was slegs versprei waarvan ek op ongeveer tweehonderd eksemplare beslag gelê het. Ek wil net aan die Hof verduidelik dat die Universiteit van die Noorde direk langs die Mankweng woonbuurt geleë is. Die sekuriteitsheining van die kampus skei die Universiteit van Mankweng woongebied.

Ek merk op die voorkant is daar 'n "Day of moarning"op die einde "Thursday, 28th of March 1985." Was daar so 'n dag gehou daar in Mankweng? -- Nee, die dag self was nie gehou nie. Daar was geen herdenking gehou nie, slegs die verspreiding van die dokumente.

U het gedurende April 1985 op 'n verdere pamflet beslag gelê by die kampus? -- Korrek.

Eerstens wil ek by u verneem waar op die kampus het u beslag gelê op die pamflet? -- In die eetsale, die manseetsale,

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die manseetsaal by hostel MBA, MBI, MBJ, en by lesinglokaal K. Die lesinglokaal is alfabeties genommer.

Ek toon aan u 'n dokument ABA(10). Is dit die dokument wat u van praat? -- Dit is korrek. Die dokument is getitel "Mobilise, Mobilise, Mobilise."

En dan 1985 daar ingeskryf "Year of the Cadre"? -- Dit is korrek.

Kan u aan die Hof aandui hierdie "1985 Year of the Cadre", waar kom dit vandaan? Het u enige kennis waar dit vandaan kom? -- Dit is volgens die Sechaba, die amptelike mondstuk van die African National Congress, is 1985 verklaar as "The year of the cadre."

U het ook - laat ek u liewers so vra. Kan u hierdie dokument in verband bring met die gebeurtenis wat op die kampus plaasgevind het? -- Daar het - dit is eintlik moeilik om dit te verduidelik, maar ek sal dit probeer doen. Ons het gevind dat in 1985 het AZASO die studente so gemanipuleer en beheer en dat hulle verskeie pamflette versprei het om te bewerkstellig dat die studenteraad, die verteenwoordigende studenteraad van die Universiteit, slegs uit AZASO lede moet bestaan en het ons gevind dat hier in 1985 het die pamfletverspreiding toegeneem in dié verband.

K361 Terwyl u nou op daardie aspek is van die studenteraad, voor 1985 het die studenteraad bestaan uit persone wat nie aan ander politieke organisasies behoort nie of wat is die posisie? -- Voor 1985 was dit gekombineerd. Die hooforganisasies op die kampus is AZASUM, Azanian Students Movement en AZASO AZanian Students Organisation, maar 1985 het geen lid van AZASUM op die SRC gedien nie.

In 1985 wie was die SRC se lede? Was hulle van 'n spesifieke organisasie? -- Spesifiek van AZASO.

... / Almal

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Almal? -- Almal.

Die voorsitter van AZASO wat was sy posisie gewees met betrekking tot die studenteraad? -- Hy was die president van die Studenteraad.

Kan u aandui hoe groot is die Studenteraad? -- Die Studenteraad bestaan uit uitvoerende bestuur, president, vise-president, sekretaris, tesourier en twee addisionele lede asook verteenwoordigers van elke fakulteit op die kampus.

As u sê die hele Studenteraad het bestaan uit AZASO lede is dit net van die studente se kant of is dit nou die verteenwoordigers van die fakulteite ook? -- Verteenwoordigers van die fakulteit was daar een AZASUM lid, maar die uitvoerende bestuur van die SRC slegs uit AZASO lede.

HOF : Maar die verteenwoordigers van die fakulteit is ook studente? -- Hulle is ook studente.

MNR. FICK : Gedurende Mei 1985 het u verskeie slagspreuke aangetref? -- Dit is korrek, 1 Mei 1985. Die dag is geterminologeer as "May Day."

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Waar is dit? -- Dit is by die Universiteit van die Noorde sowel as Mankweng woongebied.

MNR. FICK : U het foto's laat neem van al die slagspreuke wat u daar aangetref het? -- Korrek.

Ek wil aan u 'n stel foto's toon. Dan kan u dit net uitlees en bevestig as dit korrek is dat dit die slagspreuke is wat u gevind het sonder dat ons bewysstukke inhandig. -- Goed.

Die eerste foto, wat toon dit aan? -- "ANC lives" is met spuitverf aangebring op 'n padpredikant of 'n aanduidingsbord, die agterkant van 'n aanduidingsbord, op die kampus van die Universiteit. Die tweede een "Long live AN/CP Victory is certain."

Waarop is dit aangebring? -- Dit is op die agterkant van

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die ou studentesaal op die Universiteit se kampus aangebring.

HOF : Wat is die AN/CP? -- Die afleiding wat ek hier kan maak is dat dit ANC kan wees en die CP Communist Party, en dat hy net so afgekort was.

MNR. FICK : Die volgende? -- Die volgende aan die een muur van die oustudentesaal op die kampus "Power to the people. Mandela. Sisulu, Mbeki, Mhlaba. Amandla Awethu. Long live AN/SCAP Umkhonto." Die volgende foto verder teen die ou studentesaal op teen die muur "Umkhonto we Sizwe" met twee nabootsings van assegaaie en 'n skild. Aan dieselfde kant van die studentesaal verder teen die muur "You and ANC freedom. You and ANC equals" as u sal opmerk by die C staan daar "equals" 'n is gelyk aan teken "freedom". Aan dieselfde kant van die saak "ANC/MK lives" met 'n skets van 'n assegaai.

Die MK staan vir? -- Dit is 'n Umkhonto naam.

Staan dit vir Umkhonto we Sizwe? -- Dit is korrek.

Die volgende? -- Die volgende teen dieselfde kant van die muur "Long live ANC SACP. SACTU. Amandla." Ook teen daardie selfde muur "Oliver Thambo save us." Die volgende foto was 'n baie groot slagspreuk en ons kon hom nie op daardie stadium op een foto neem nie. Ons het hom in drie stukke geneem. Dit is teen 'n baksteenmuur by O saal, O op die kampus en dit lees "Viva Communism." Die volgende foto is in Mankweng woongebied teen die omheiningsmuur van die Lutherse Kerk. Die slagspreuk daar aangebring in spuitverf "Viva Thambo." Die volgende foto is by dieselfde kerk ook verder teen die muur "Viva Communist Party." Die volgende foto is by 'n winkelkompleks in Mankweng woongebied teen die muur "ANC". Teen dieselfde winkelkompleks die volgende foto "Viva Umkhonto we Sizwe." Die volgende foto is by Hwiti Hoërskool. Dit is in Mankweng woongebied. Die eerste foto daar teen 'n klaskamer-

... / muur

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

muur "Freedom Charter." By 'n ander klaskamer die volgende foto 'n vlag in die kleure van die ANC, swart, groen, geel met spuitverf aangebring. Op die groendgedeelte is UDF met vetkryt aangebring en op die geel gedeelte is MYCO wat die afkorting is vir Mankweng Youth Congress aangebring. Die volgende foto is maar net 'n ver af foto van daardie selfde vlag.

Ander slagspreuke? -- Die volgende by 'n ander klaskamer by the Hwiti Hoërskool teen 'n deur "ANC lives". Die foto daarna is net 'n nader foto. By dieselfde skool teen 'n ander muur van 'n klaskamer "Viva MK. The people shall govern" en ver regs, verder teen 'n ander gangmuur"ANC lives." Die volgende twee foto's is ook teen 'n klaskamer en die vlag van die ANC in kleure weer, swart, groen, geel en onder aan in spuitverf "Hwiti is a liberated zone of ANC." Die heel laaste foto in spuitverf die slagspreuk "Viva SACTU."

Waarvoor staan SACTU? -- South African Council of Trade Unions. Ek wil net op hierdie stadium graag oor die "Liberated zone" getuienis lewer. Die Universiteit van die Noorde se studente verklaar 'n gebied 'n "liberated zone". In tye van onrus of herdenkingsdienste soos 16 Junie en 1 Mei en selfs Women's day op 9 Augustus, word die hele kampus en sekere paaie, die hoofpaaie wat toevoer verleen na die kampus toe, deur middel van versperrings afgebaken om verkeer te verhoed en dié gebied word dan as 'n "liberated Zone" verklaar. Enige persoon wat die spesifiek afgebakende gebied betree, word dan met die gooi van klippe of petrolbomme verhoed om nader te kom. Uit ondervraging met van die studente wat ek self gearresteer en ondervra het gedurende 1985 ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Ons stop net eers daar.

GETUIE STAAN AF.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MR TIP : My Lord, before My Learned Friend continues with the examination of this witness, just before the adjournment it appeared in our submission that the evidence relating to liberated zones came perilously close to being that of an expert opinion. The witness is not in any sense being qualified as an expert. It has not been indicated to us that he is being called for any such purpose and to the extent that there is neu foundation in fact laid, we object to that sort of commentary.

HOF : Wat sê u, mnr. Fick?

MNR. FICK : Kan ek net die getuie 'n bietjie verder lei oor die "liberated zones" en dan sal ek in staat wees om te kan argumenteer?

HOF : Ja, goed.

JACOBUS ADRIAAN VORSTER, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Kaptein, uit u eie ondervinding uit en kennis, nie wat u gesê is nie of wat u gehoor het nie, wat se kennis het u oor hierdie "liberated zones"? -- Eie ondervinding sedert Oktober 1984 tot Augustus 1985 was daar verskeie onrussituasies op die Universiteit-kampus. Verskillende redes het daartoe aanleiding gegee. Die arrestasie van studente, misnoeë ten opsigte van sekere lektore op die kampus, die herdenking van Sowetodag, Meidag, en ten tye van hierdie onrussituasies is die gebiede afgebaken en ek was alombekend op die Kampus. Na my persoonlik is geskreeu van die studente kant af "Vorster get out, this is a liberated zone. Vorster you will burn. " Die een student skreeu "Vorster" en dan skreeu die res "You will burn." Dieselfde met"Vorster you will die." Verskoon die woord "Vorster you will shit." Dit is my persoonlike ondervinding

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die "liberated zones".

HOF : Bly u by die beswaar, mnr. Tip?

MNR. TIP : Nee, dit is nou ordentlike getuienis wat afgelê word. Daar sal geen beswaar wees nie.

MNR. FICK : Ek wil dan met u voortgaan na Junie maand 1985. Het u beslag gelê op pamflette wat versprei was daar in Mankweng? -- Dit is korrek.

U Edele, in hierdie verband wil ek u verwys na Volume 8 van die C reeks, C 134. -- Ek herken die dokumente.

Die opskrif van die dokument is "We all peace loving people of Mankweng and district." -- Dit is korrek.

Dan is daar 'n tweede bladsy. -- Korrek.

Wat bestaan uit 'n lys met name en adresse. -- Dit is korrek.

Wat kan u vir die Hof sê van hierdie C 134? -- Die pamflet was in die Mankweng woongebied geneem van persoon na persoon, huis tot huis, besigheid na besigheid en was by die Lutherse Kerk. Daar was oorspronklik vyf sulke lyste, met die pamflet voor op. Dit was gemik op 16 Junie 1985 herdenking by Mankweng waartydens Swartman Shadrack Mofokoane deur die polisie doodgeskiet is, Lebowa polisie. Sy dood het voortgespruit uit die 16 Junie onrus wat daar geheers het by Mankweng en die pamflet doen beroep op alle besigheidsmense in die Mankweng gebied om nie hulle produkte aan die polisie te verkoop nie, die polisie nie tot die kerke toe te laat nie, aangesien hulle kriminele is, alle polisie vanuit die skoolkomitees onttrek word en dat huurmotors nie vervoer aan polisiemanne moet verleen nie en dan vereis die pamflet ook die permanente onttrekking van die polisiemag en agente uit die woongebied.

Deur wie is hy uitgegee? -- Hy is uitgegee deur die

... / Mankweng

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Mankweng Civic Association supported by MYCO Mankweng Youth Congress, SAAWU South African Allied Workers Union, Northern Transvaal FETRA Federation of Transvaal Women, Minister's Fraternal, Xhosas en AZASO.

HOF : Is die Minister's Fraternal 'n organisasie? -- Dit is nie 'n organisasie in organisasieverband nie. Dit is net die predikante van die verskeie kerke in die woongebied.

MNR. FICK : Dan wil ek met u gaan na 26 Junie 1985. Is daar verder pamflette versprei in Mankweng? -- Dit is korrek.

En u het beslag gelê op twee van hierdie pamflette met weer handtekeninge en adresse? -- Dit is korrek.

U Edele, in hierdie verband verwys ek u na dieselfde volume, volume 8 C 135. Dit is twee identiese dokumente, maar net die petisielyste verskil. -- En die bewoording voorop verskil.

Waar het u in besit gekom van hierdie dokumente? -- Hierdie dokumente is op die Universiteit van die Noorde kampus by die studentesentrum, die SRCkantoor, naby die SRC kantoor is Tiro Square en die dokumente is daar gevind. Die dokument is weer getiteld "We all peaceloving people of Mankweng and district" en dit handel weer oor die 16 Junie storie. Die hoofvereiste daar is maar weer eens die onttrekking van die polisie en agente uit die woongebied. Die uitgewers is dieselfde soos die vorige een.

Soos C 134? -- Soos C 134.

Net duidelikheidshalwe hierdie Tiro Square is dit die amptelike naam van die plek of is dit 'n bynaam? -- Nee, dit is 'n naam wat die studente self aan die spesifieke terrein toegeken het. 'n Oud-student van die Universiteit van die Noorde Ongopotso Tiro het 'n politieke toespraak by die spesifieke plek gelewer en as gevolg daarvan is hy uit die

... / Universiteit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Universiteit geskors en van daar die naam Tiro Square.

Dan wil ek met u gaan na 25 Julie 1985, is u na 'n sekere Nguni? -- Dit is korrek. Dit is Louis Aaron Nguni.

HOF : Wat is die tydperk in die klagstaat genoem?

MNR. FICK : Einde Julie. Is dit die persoon Louis Aaron Nguni wat u reeds oor getuig het? -- Dit is korrek.

Waar het u hom aangetref? -- By sy woning Excelsior Huis in Mankweng woongebied het hy 'n kamer wat hy huur en hy is 'n dosent aan die Universiteit van die Noorde in wysbegeerte.

Het u die kamer deursoek en beslag gelê op dokumente? -- Dit is korrek.

Eerstens wil ek vir u 'n dokument toon, ek verwys weer na volume 8 van die C reeks C 133. Ken u hierdie dokument? -- Dit is korrek. Dit het ek gevind in die kamer van Louis Aaron Nguni. Myself en kaptein Erwee het die deursoeking daar gedoen en die dokument is deur beide ons en Nguni geparafeer.

Is dit die handtekening wat onder aan die eerste bladsy voorkom? -- Dit is korrek. Die heel eerste handtekening is dié van Nguni. Die dokument is getiteld "The onslaught against the people's organisations, September 1984 to June 1985. Presented by DESCOM on the 8th and 9th June 1985."

HOF : Wat is DESCOM? -- Detainees Committee. Jy kry die Detainees Parents Support Committee en die Detainees Committee. Detainees Support Committee, ekskuus. Detainees Parents Support Committee en Detainees Support Committee.

MNR. FICK : Dan wil ek u 'n verdere dokument toon. ABA(11). Herken u hierdie dokument? Die Staat het hierdie probleem dat hierdie is ooglopend ANC dokumente. Ek weet nie of ek vir My Geleerde Vriende die ding vryelik beskikbaar kan stel nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Wel, u kan dit nie aan my beskikbaar stel as u dit nie aan mnr. Tip beskikbaar stel nie.

MNR. FICK : Herken u hierdie dokument? -- Dit was ook gevind in Louis Nguni se kamer tydens die deursoeking, ABA(11) en dit is getitel "ANC struggle update, no. 1 of 1985." Die uitgewers is African National Congress of South Africa.

Die eerste opskrif is "The year of the Cadre"? --"The year of the Cadre."

Dan toon ek 'n volgende dokument aan u. Herken u hierdie dokument? Dit is getitel "Women's Charter Johannesburg April, 17th of 1954." -- Ek herken die dokument ABA(12). Dit is ook in Nguni se kamer gevind met sy handtekening sowel as kaptein Erwee s'n en my eie.

Dan wil ek 'n verdere dokument aan u toon getiteld "Draft Constitution Mankweng Civic Assciation" ABA(13). Is dit ook een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- ABA(13) was ook in die kamer van Nguni gevind, met dieselfde handtekening soos by ABA(12)en dit is in die handskrif van Peter Ramosoana Mokaba, soos wat ek voorheen oor getuig het.

MR TIP : My Lord, I object to that evidence. I do not know on what basis this witness can testify as to handwriting.

HOF : Wat sê u daarvan?

MNR. FICK : Kan ons net eers by die getuie hoor?

HOF : Maar waarom lei u nie eers die getuienis en kom dan net hierdie getuienis nie? Waarom moet daar eers 'n beswaar wees en dan daarna die getuienis? U kan nie die kar voor die perde span nie.

MNR. FICK : Ek het nie geweet die getuie gaan dit so sê nie. Ken u die handskrif van Mokaba? -- Ek ken Mokaba se handskrif baie goed.

Hoe ken u die handskrif? Van waar? -- Ek het hom persoonlik

... / gearresteer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gearresteer gedurende 1982 en het ongeveer nege maande saam met hom - hom ondervra en vanuit sy notas wat hy geskryf het, en identifisering van die handskrif van ander notas wat hy aan my gedoen het, herken ek die handskrif wat op hierdie dokument voorkom as dié van Mokaba s'n.

Ek wil aan die hand doen dat die getuienis toelaatbaar is. Ek weet nie wat sê mnr. Tip van die beswaar nie.

HOF : Wat sê u, mnr. Tip?

MNR. TIP : Dit mag wees dat dit voldoende getuienis is. Ons behou ons regte voor op hierdie stadium.

MNR. FICK : Ek toon dan 'n verdere dokument aan u. Dit is 'n dokument getiteld "ANC speaks" ABA(14). Herken u dit? -- Ek herken ABA(14). Dit is ook 'n dokument wat in Nguni se kamer gevind is. Heel bo-aan staan ANC speaks met 'n verdere titel "Unite. Fight for your rights. Fight against rent increases under democratic institutions. Fight against the criminal racist minority regime" en dit is uitgegee deur Underground Unit of ANC.

U het daarna ook op verdere dokumente beslag gelê? -- Dit is korrek.

Ek toon aan u 'n dokument ABA (15). Dit is 'n pamflet getiteld Jusuf Dadoo. Herken u dit? -- Dit is ook pamflette wat in Louis Nguni se kamer gevind is, ABA(15) EN DIT is getiteld "Jusuf Dadoo" met 'n foto daarop.

Kan u vir die Hof aandui wie was Jusuf Dadoo? -- Hy was verbonde aan die African National Congress. President van die Suid-Afrikaanse Indian Congress, en het vanaf die buiteland geopereer. Volgens die pamflet self "He was a member of the national planning committee and assistant volunteer in chief to Nelson Mandela during the defiance Campaign."

Dan wil ek 'n verdere dokument aan u toon. Dit is UDF

... / News

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

News. Ek verwys u na dokument W(44). Hy is vervat in volume 8 van die W reeks. -- Hierdie dokument is ook in Nguni se kamer gevind tydens deursoeking. "UDF News volume 2 no. 1 August 1984."

Ek toon u ook 'n verdere dokument ADAC News. Dokument W(35). Hy is vervat in volume 6 van die W reeks. W(35) ook gevind in die kamer van Nguni tydens deursoeking. "ADAC News nuusbrief nr. 9 Julie 1984."

Dan wil ek u verwys na die volgende dokument. Dit is 'n dokument getiteld "The United Democratic Front Regional Executive Committee" ABA(16).

Wat kan u vir die Hof sê van hierdie dokument? -- ABA(16) was ook gevind in Nguni se kamer met die opskrif United Democratic Front Transvaal Regional Executive Committee en dit toon die name en die posisies van die persone wat in die UDF dien met hulle telefoonnommers.

Ek wil dan verder 'n dokument aan u toon ABA(17) getiteld "Report of the Northern Transvaal UDF Conference date 3 February 1985." Wat kan u vir die Hof van hierdie dokument sê? -- ABA(17) is 'n handgeskrewe dokument "Report of the Northern Transvaal UDF Conference, date of the conference 3rd of February 1985." Dit was ook in die kamer van Nguni gevind tydens die deursoeking van die kamer.

Voordat u verder gaan, net ja of nee, ken u die handskrif? -- Ek ken die handskrif.

Hoe ken u die handskrif? -- Uit ondervraging van aangehoudene Frans Mofapa Mohlala, die president van MYCO en ook deur ondervraging die notas wat hy geskryf het tydens ondervraging herken ek die handskrif op hierdie dokument identies aan dié van Mohlala.

HOF : Waar is hierdie Krazenstein Luthern Mission?--Krazenstein

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is verder noord van die Universiteit van die Noorde in die rigting van Houtbosdorp, Tzaneen geleë, ongeveer 15 kilometer vanaf die Universiteit van die Noorde.

MNR. FICK : U het ook op ABA(18) beslag gelê. Is dit korrek? By dieselfde geleentheid? -- Korrek.

Is dit 'n getikte weergawe en hy is onderteken? -- Dit is 'n getikte weergawe van ABA(17) en dit is geteken deur Frans Mohlala koördineerder van die Northern Transvaal UDF.

Die volgende wat ek aan u wil toon is ABA(19). Dit is 'n dokument vir rekorddoeleindes op die briefhoof van UDF Transvaal gedateer 2 Mei 1985 en gerig of geskryf deur M. Valli, maar blykbaar deur Lepunja onderteken "To all UDF affiliates in the Transvaal." Wat kan u vir die Hof van hierdie dokument sê? -- Die dokument was ook in Nguni se kamer aangetref tydens deursoeking en toon onder andere item nr. 3 "Program of action" aan, waaroor kaptein Erwee later gaan getuienis lewer.

Dan wil ek aan u toon dokument ABA(20). Dit is 'n dokument geskryf deur M. Valli, maar hy is geteken deur Mashatile op UDF Transvaal se briefhoof gedateer 4 Julie 1985. Was dit een van die dokumente waarop u ook beslag gelê het tydens dieselfde geleentheid? -- Ek herken die dokument en dit is 'n brief op 'n briefhoof van United Democratic Front gerig aan "To whom it may concern" (GETUIE LEES ABA(20) UIT)

Dan toon ek aan u 'n dokument ABA(21) "No cause to celebrate." Ken u hierdie dokument? -- Ek herken die dokument. Dit is ook tydens deursoeking in Nguni se kamer op beslag gelê. Benede die opskrif "No cause to celebrate (Boycott Lebowa Agricultural show.)"

Wie het die dokument uitgegee? -- Deur die Lebowa Youth Congress, Lenjenje Youth Congress, Shiluvane Youth

... / Congress

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Congress, Mankweng Youth Congress, Seshego Youth Congress, Azanian Students Organisation en Northern Transvaal UDF Area Co-ordinating Committee.

Ek toon u dan ook 'n dokument ABA(22) "The branch executive committee Pietersburg branch dated 5/6/85 Seshego UDF office and SAAWU." Herken u hierdie dokument? -- Dit is ook 'n dokument wat in Nguni se kamer gevind is tydens deursoeking. Dit handel oor 'n ooreenkoms wat bereid is tussen SAAWU en die UDF om kantore te Pietersburg te deel. Die SAAWU kantore soos ek reeds getuig het, is in Guys and Girls kompleks gehuisves in Landdros Maréstraat, Pietersburg.

Dan wil ek aan u toon dokument ABA(23) getiteld "Draft budget for Northern Transvaal Co-ordinating Committee." Ken u hierdie dokument? -- Die dokument is ook in Nguni se kamer op beslag gelê en dit handel ook oor die gesamentlike huur van 'n kantoor deur UDF en SAAWU met 'n uiteensetting van die koste daaraan verbonde.

Dan word die name van sekere persone gemeld wat optree in sekere hoedanighede? -- Dit is korrek. (GETUIE LEES ABA(23) UIT)

Dan wil ek ook 'n boekie aan u toon ABA(24). Wat kan u vir die Hof van hierdie dokument sê.

HOF : Wat is die opskrif van die boekie? -- Gala.

Dit is 'n notaboekie. -- ABA(24) is ook in Nguni se kamer gevind tydens deursoeking.

Net ja of nee, ken u die handskrif in daardie boek? -- Ek ken die handskrif as dié van Louis Nguni en dit is ook as gevolg van ondervraging en onderhandeling met mnr. Nguni tydens sy aanhouding en die handskrif in die boekie stem ooreen met dié van mnr. Nguni.

MNR. FICK : Waaroor gaan die boekie? -- Hier is - Verskeie

... / aspekte

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

aspekte word in hierdie boekie behandel. Hier is onder andere toesprake wat gelewer is deur mnr. Kearney Ndlovu, mnr. Zack Yacoob. Dit is notas wat gemaak is met betrekking tot toesprake. Dit is onbekend tydens watter geleenthede dit gedoen is. Op omtrent die vierde, vyfde laaste bladsy, blyk 'n persverklaring te wees. (GETUIE LEES PERSVERKLARING OP ABA(24) UIT) Dit toon dan ook aan dat uit 1,440 kiesers het slegs 3% opgedaag om hulle stemme uit te bring. Dieselfde verslag "The president of MYCO ... (GETUIE LEES VERDER) other areas in the country, he said."

Dit is die dokument soos u op hom beslag gelê het? -- Soos ek op hom beslag gelê het.

MR TIP : My Lord, may I again reserve our right in regard TO STatements apparently attributed to others recorded in this notebook.

COURT : Yes, that is noted. Daar word melding gemaak van die bedanking van die raadslede. Het hulle bedank? -- Hulle het bedank.

Wanneer het hulle bedank? -- Hulle het nog voor die eleksie, dit was in 1984, einde 1984, ek kan nie presies die datum onthou nie, bedank.

MNR. FICK : Die hele klomp? Almal? -- Almal. Soveel so dat MACA, Mankweng Civic Association dit op hulle eie geneem het om die plaaslike dorpsbestuur oor te neem en hulle het 'n park ingerig met 'n ou wrak van 'n kar waarop geverf is "Mandela Park" in Mankweng woongebied. Foto's van die Mandela Park het in die Witness, the Echo se bylaag in Natal verskyn. Ek kan nie die uitgawe onthou nie.

U het nie self foto's nie? -- Nee, ek het nie self foto's nie.

Dan wil ek aan u verder 'n dokument toon getiteld "A Vive"

... / gemerk

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gemerk ABA(25). Kan u aan die Hof meld wat weet u in verband met hierdie dokument? -- Die dokument ABA(25) was op die kampus van die Universiteit versprei.By blok K en Blok J was dit met gom teen die muur vasgeplak. Dit is fotostate. U sal sien daar is 'n voor en 'n agterkant, sodat ons dit nie kon verwyder anders as om dit in totaal te vernietig nie, maar op die kennisgewingbord naby MBA en by die SRC kantoor was van die dokumente aangebring. Hierdie dokument het ek van MBA kennisgewingbord afgehaal. Die dokument was ook teen die muur geplak by Mankweng poskantoor net buite die kampus geleë. Ons het hom verwyder, maar hy het in repies geskeur. Ons het hom totaal vernietig. (GETUIE LEES OPSKRIF EN INHOUD VAN ABA(25) UIT)

U sê waar u dit gekry het. Wanneer het u dit daar gevind? -- Dit was net na mnr. Nguni se kamer se deursoeking.

Was dit nog in Juliemaand? -- Dit was op presies die laaste dag van 31 Julie 1985.

Ek is dan klaar met pamflette voorlopig. 16 Junie 1985 by die Universiteit van die Noorde en Mankweng het u daar observasie gehou daardie dag en gekyk wat daar aangaan? -- Dit is korrek.

Was daar enige gedenkdienste gehou? -- Dit is korrek. AZASO Azanian Students Organisation het in die studentesaal op die kampus om 14h00 op 16 Junie 1985 vergader vir 'n herdenkingsdiens. MYCO, Mankweng Youth Congress, MACA en COSAS lede het in die Lutherse Kerk in Mankweng woonbuurt ook om 14h00 vergader om 'n diens te herdenk. Omstreeks 17h00 het die twee herdenkingsdienste verdaag. Die studente het van die kampus af uit die kampus uitbeweeg na Mankweng woongebied, dit is nou die Universiteitstudente. Die skoliere wat by die Lutherse Kerk die herdenkingsdiens gehou het, het

... / opbeweeg

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

opbeweeg na die kampus toe. Die twee groepe het bymekaar gekom net buite een van die hekke wat toegang verleen tot die Universiteitkampus. Daar was ongeveer 900 na 1,000 mense vergader en hulle het daarvandaan marsjeer na die Mankweng polisiestasie, Terwyl hulle marsjeer het, het hulle gesing, vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskreeu, soos "Viva ANC, Viva Thambo, long live the ANC." By die polisiestasie het hulle die gebou onder klippe gestook en die Lebowa polisie het hulle daarvanaf verwyder of verjaag, altans.

Op watter wyse? Hoe het hulle hulle verjaag? -- Deur middel van karwatse. Geen traanrook was op daardie stadium gebruik nie. Die meeste van die getal persone het teruggevlug na die Universiteitkampus wat ongeveer 'n kilo daarvanaf geleë is, 'n kilometer. Die groep het toe weer hergroepeer by die een hek en daar het hulle gestaan en vryheidsliedere gesing, slagspreuke geskreeu en die pad versper sodat verkeer nie toegang daartoe gehad het nie. Hulle het kragpale en konkreetblokke en ou rondomtalie van 'n park alles in die pad geplaas, alles wat hulle hulle hande kon oplê. Steeds het hulle klippe gegooi vanaf die kampusterrein na polisievoertuie sowel as privaat voertuie wat daar verby beweeg het. Die ander hekke van die kampus het hulle ook beset en versper sodat hulle geen toegang daartoe kon verkry nie. Vyf petrolbomme is vanuit die skare na verbygaande voertuie gegooi. Een van die petrolbomme was na my voertuig gemik en het teen 'n ankerdraad van 'n elektriese paal - hy is daarteen vasgegooi en kon toe nie op my voertuig land nie, maar het langs die voertuig geland. Omstreeks 19h33 het die massa studente die stafkafeteria op die kampus van die Universiteit geplunder, alle voorraad gesteel, geld, meubelment gebreek, ruite gebreek, skade wat daar berokken is is na die tyd bepaal op

... / ongeveer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ongeveer R12 000,00 beloop. Omstreeks 19h45 het ek tesame met lede van die Lebowa polisie toegang tot die kampus verkry deur een van die hekke en ek het die kampus met my voertuig betree. Ongeveer 'n honderd meter vanaf die studentekafeteria het ek stilgehou en van daar het ek toegekyk hoe die massa studente die studentekafeteria plunder, bykans alle kosvoorraad daar uitdra, die meubelment en yskaste en goed daar binne-in plunder en breek en 'n poging aanwend om die perseel aan die brand te steek. Ek was alleen en kon niks doen teen die massa studente nie. Die ander lede van die Lebowa polisie het die kampusterrein begin patrolleer. Dit is nie in my teenwoordigheid nie, maar daar is op die studente traangas gevuur, asook met haelgewere, donshael. Die studente het gevlug, teruggekeer na hulle hostelle en die Lebowa polisie het op die terrein gebly om die vrede en orde daarna te handhaaf. Die skade by die studentekafeteria het ongeveer R12 000,00 beloop. In die proses is Shadrack Mofokwane doodgeskiet soos ek reeds voorheen getuig het. Hy was 'n skolier, maar nie 'n student van die Universiteit van die Noorde nie. Vier studente van die Universiteit van die Noorde het ligte beserings opgedoen as gevolg van haelgeweergeskut.

As u sê hierdie Shadrack was 'n skolier, kan u 'n ouderdom waag? -- Ek sal hom skat so ongeveer 16, 17 jaar oud. As gevolg van die onrus op daardie dag, is klasbywoning by die Universiteit geboikot en dit het voortgeduur selfs tot en met 9 Julie 1985 met die heropening van die Swartskole aldaar en steeds was daar nog geboikot as gevolg van daardie onrus. Die eise was gestel dat alle persone wat gearresteer was, deur die polisie vrygelaat moet word.

Was daar enige persone gearresteer in verband met die voorvalle by die stafkafeteria en die klipgooiery in die

... / strate

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

strate en daardie tipe van goed? -- Die Lebowa polisie het self na daardie dag van die persone gearresteer vir openbare geweldpleging, onder Lebowa wetgewing. Van die persone wat gearresteer was, was studente en skoliere. Ek is nie op hoogte wat van die sake geword het nie.

Ek wil met u nou gaan na 14 Julie 1985. Was daar 'n vergadering by die Mankweng Lutherse Kerk? -- Dit is korrek. Die vergadering was onder die vaandel van Mankweng Youth Congress MYCO gehou en ongeveer 300 persone het dit bygewoon waaronder AZASO asook COSAS lede teenwoordig was. AZASO T-hempies, COSAS T-hempies en MYCO T-hempies was tydens die verrigtinge gedra. Die Lebowa polisie het in my teenwoordigheid aan Peter Ramosoana Mokaba oorgedra dat die vergadering onwettig is en dat hulle ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Was daar 'n verbod gewees op daardie tyd? -- Korrek.

En dat hulle? -- En dat hulle uiteen moet gaan. Die skare het nie uiteen gegaan nie. Hulle het wel 'n bietjie versprei en die polisie met klippe begin bestook. Die Lebowa polisie het die skare verdryf en het 40 persone in hegtenis geneem en aangekla vir openbare geweldpleging. Klippe is na my voertuig gegooi en die voertuig is twee keer getref, maar met geringe skade. Ander polisievoertuie het ook geringe skade opgedoen.

MNR. FICK : Dan net laastens wil ek met u kom by die 31ste Julie 1985. Was u by die poskantoor by Mankweng? -- Dit is korrek.

Ek verwys na dokument C(130) volume 8 van die C reeks. Kan u vir die Hof enigiets sê van hierdie dokument? -- Die dokument is ook gevind waar dit opgeplak was by die poskantoor van Mankweng tesame met daardie A Vive dokument wat ek vroeër van gepraat het. Dit lees "Pledge solidarity by

... / Mankweng

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Mankweng Hwiti students" en dit is uitgegee deur COSAS, MYCO en MACA.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Kaptein Vorster, u het in verband met verskeie persone opmerkings gemaak in verband met hulle huidige plekke van verblyf, byvoorbeeld Edward Nkadimeng, Vincent Mahlalela. Is dit wat u uit u eie kennis weet of is dit ... -- Uit my eie kennis uit.

HOF : Dit is nou mense wat oorsee is?

MNR. TIP : Ja, of ten minste Nkadimeng sê u het aan die einde van 1985 die land verlaat? -- Dit is ook volgens sy ouers het hy heeltemal van die huis af verdwyn en hy het 'n boodskap gelaat dat hy die land verlaat.

Dus die inligting is aan u oorgedra deur ander persone? -- Dit is korrek. As dit kom by persoonlike kennis, dan is dit nou maar gebaseer op navraag wat ek gedoen het om die persoon se probeer opspoor, volgens die kennis wat aan my oorgedra is.

En presies dieselfde geld in verband met Vincent Mahlalela? -- Dit is reg. Hy het ontsnap en hy is nog soek.

U het ook melding gemaak dat Johannes Buthelezi die land verlaat het. Is dit ook inligting wat aan u oorgedra is? -- Dit is korrek.

Net om 'n paar punte te probeer ophelder. Die dokument ABA(10). Het ek dit korrek verstaan dat daar verskeie van die pamflette op beslag gelê is? -- Hierdie een was op beslag gelê. Hulle was vasgeplak heeltemal met gom agter aan soveel so dat jy dit nie kon afkry nie. Daardie was een wat ons kon afkry. Die oorspronklike sal u sien is daar in rooi en blou pen 'n notatjie gemaak. Hierdie is afdrukke daarvan. Die oorspronklike is ook 'n dokument wat huidiglik in 'n hofsaak in Pietersburg dien, maar onderaan was daar in rooi en blou

... / boodskappies

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

boodskappies geskryf, maar daar was net die een dokument wat ons kon afkry.

Die deursoeking van mnr. Nguni se woonplek, sal u net asseblief weer aan ons verduidelik wat die prosedure is wat u en kaptein Erwee daar gevolg het? -- Met ons aankoms by die kamer van mnr. Nguni was hy alleen in sy kamer teenwoordig. Daar is twee hangkaste in die spesifieke vertrek. Kaptein Erwee het die een hangkas en wat bo-op die hangkas is deursoek en ek het die ander hangkas deursoek. Dit wat ek in my hangkas gevind het het ek in ŉ kartondoos geplaas en die ander dokumente wat ek gekry het op die boekrak in die kamer het ek apart gehou van dié wat ek in die hangkas gekry het en na die deursoeking, kaptein Erwee het syne ook in ŉ karton gesit apart van myne. Na die deursoeking het ons die twee kartonne saam met mnr. Nguni na ons kantore te Pietersburg. Die kartonne was te alle tye in sig van mnr. Nguni saam met ons in die voertuig en ons het by die kantoor aan hom ŉ kwitansie uitgereik vir die dokument waarop ons beslag gelê het en ons onderskeie handtekeninge is op die onderskeie dokumente aangebring. Mnr. Nguni het tot op ŉ stadium die dokumente onderteken. Daarna het hy geweier om van die ander dokumente te teken.

Wat het van die dokumente geword wat op die boekrak gevind was wat u eenkant gehou het? -- Daar was ook ŉ kwitansie daarvoor uitgereik, op dieselfde kwitansie.

Verstaan ek dit so dat dit twee kartonne vol dokumente was? -- Dit is korrek.

En dat daar nog ŉ afsonderlike stapeltjie dokumente was? -- Dit is korrek. Op die boekrak was slegs die handgeskrewe "Draft Constitution of MYCO," asook die naamlys van die persone wat op die UDF uitvoerende bestuur dien, soos ek reeds

... / getuig

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

getuig het.

Het mnr. Nguni die kwitansie onderteken? -- Ja, hy het die kwitansie onderteken.

Nadat dit kompleet voltooi was? -- Dit is korrek. Dit is gebruik.

Het u self 'n kopie van die kwitansie? -- Ek het nie by my 'n kopie nie.

Sou dit wel beskikbaar wees? -- Ek glo dit sal beskikbaar wees.

U het op 'n stadium melding gemaak dat mnr. Nguni in hegtenis geneem was? -- Dit is korrek. In terme van artikel 28, Wet 74 van 1982 is mnr. Nguni in hegtenis geneem. Dit is spesifiek die dag toe ons die plek deursoek het. Ons het lasbriewe gehad vir sy aanhouding ingevolge die artikel.

Dit was op ... -- 25 Julie 1985.

Was mnr. Nguni na sy aanhouding in terme van artikel 28 vrygelaat? -- Dit is korrek.

Geen klagtes is teen hom gelê nie? -- Ek weet nie of Pietersburg wel klagtes teen mnr. Nguni verder gaan voer nie. Hy is in Maart 1986, as ek reg onthou, van artikel 28 onthef en ek is reeds in Januarie daar weg.

Ek wil ook na 'n ander aspek van die dokumente terugkom. Daar was verskeie dokumente, byvoorbeeld ABA(21). In verband met hierdie dokument het u getuig dat hy uitgegee is en u het sewe organisasies se name uitgelees? -- Dit is korrek. "Issued by."

Is die getuienis gegee bloot op die feit dat dit so op die dokument verskyn? -- Dit is korrek.

Behalwe die feit het u geen persoonlike kennis van hierdie dokument, opgestel en uitgegee nie? -- Nee.

Sou dit die geval wees met die ander dokumente waar u

... / soortgelyke

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

soortgelyke getuienis gegee het? -- Korrek. Ek weet nie wie het dit opgestel nie, bloot wat op die dokument staan.

Net om 'n ander voorbeeld te gee. Ek glo daar is ander dokumente wat soortgelyke - waar 'n soortgelyke vraag ontstaan. C(136). Dit was die dokument opgeplak by die poskantoor Mankweng en daar het u getuig dat dit uitgegee was deur COSAS MYCO en MACA. -- Dit is korrek.

Dit geld ook vir C(135) en (134). -- Bloot op wat daar staan.

Die handgeskrewe dokumente ABA(13) "Draft Constitution Mankweng Civic Association." U het getuig dat u die handskrif herken. -- Korrek.

Het u hierdie dokument vergelyk met ander notas of laat ek dit so vra. Wie het die dokument geskryf volgens u. -- Peter Ramosoane Mokaba.

U het dit vergelyk met notas wat ... -- Dit is korrek. Ek het die oorspronklike met oorspronklike notas van Peter Ramosoane Mokaba vergelyk.

Het u ooit die oorspronklike aan hom voorgelê? -- Nee, ek het nie.

U het hom nie self gevra daaroor nie? -- Nee, ek het hom nie self gekonfronteer daaroor nie.

K362 En geld dit ook weer ten opsigte van die ander dokumente waar u soortgelyke getuienis gegee het? -- Dit is korrek.

My Lord, at this stage, we have done our utmost to get instructions in anticipation of what we thought the evidence.

COURT : Were you informed that the witness would be from Pietersburg?

MR TIP : We have been informed on Monday and since Monday we have been trying to get hold of people who can assist us in this regard. I know that efforts were made throughout

... / last

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

last night and throughout this morning to get people. Could I establish from my attorney what sort of success, if any, we had?

COURT : Yes.

MR TIP : It seems that we have assembled a few cuttings. I have not had a chance to look at those. I doubt that they will put me in a position to deal with the evidence properly. I wonder if I should not ask Your Lordship to adjourn at this stage for me to examine it properly and after the adjournment I will know precisely where we are.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

JACOBUS ADRIAAN VORSTER, nog onder eed

MR TIP : My Lord, may I just indicate that I have examined the instructions that we have. There are a few points that I would like to put to the witness. There are aspects on which we have not been able to obtain any instructions. I might mention specifically Mr Nguni. It seems that we have not been able to get hold of him.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP (vervolg) : Kaptein, Vorster, u het in u getuienis melding gemaak van verskeie slagspreuke wat op 1 Mei deur u aangetref is. -- Korrek.

Was die slagspreuke almal op dieselfde dag gesien en gefotografeer? -- Dié in Mankweng woongebied was die dag - sal ek sê die nag van 31 April/1 Mei en die ander slagspreuke by die kampus die nag van 1 Mei deur na 2 Mei toe.

U self het geen kennis van wie die slagspreuke daar geverf het nie? -- Nee.

Dan op 'n ander aspek, het u ook melding gemaak van wat u beskryf het as onrus situasies blykbaar hoofsaaklik op die kampus? -- Dit is korrek.

... / En

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

En u het verskillende redes daarvoor gegee, misnoeë van die dosente? -- Dit is korrek.

Arrestasies van studente? -- Dit is korrek.

Kon 'n mens dit kortliks beskryf as redes hoofsaaklik van 'n plaaslike aard? -- In daardie opsig, ja.

Die Mandela Park - was u op enige stadium teenwoordig toe dit gestig is? -- Nee.

En wie dit gestig het, dra u ook geen kennis van nie? -- Nee,

Daar is twee dokumente wat u ingehandig het wat u by die poskantoor van Mankweng gekry het? -- Dit is korrek.

Het u dikwels daar dokumente gevind wat opgeplak was? -- Ja. Dit is 'n bekende plek om die advertering van die hou van vergaderings ook daar aan te plak, of herdenkingsdienste.

Die identifikasie van handskrifte. Het u ooit vantevore daaroor getuienis gegee in enige hof, dat u handskrifte identifiseer? -- Nee, ek is nie 'n handskrifdeskundige nie.

16 Junie 1985, dit is vir my nie duidelik presies waar u was ten tye van die waarnemings wat u op die dag gedoen het nie? -- Ek was by die hek wat Mankweng woongebied verbind met die Universiteitvan die Noorde, ongeveer tussen 70 en 100 meter daarvandaan in my voertuig het ek observasie gehou. Dit is nou ten tye toe die twee vergaderings verdaag het en die twee groepe daar by die hek bymekaar gekom het. Soos wat die massa beweeg het, het ek met my voertuig saam met hulle beweeg polisiestasie toe waar hulle die klippe gegooi het en vandaar weer terug kampus toe toe hulle op die vlug geslaan het, en by die versperrings stilgehou reg voor die hek wat ongeveer omtrent 50, 60 meter van die hek af opgerig was of aangebring was.

Ten opsigte van die tyd 14h00, met die aanvang van die

... / vergaderings

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vergaderings, waar was u op hierdie stadium?-- Ek het met my voertuig beweeg tussen die Lutherse Kerk in Mankweng en die Universiteitkampus se studentesaal waar die ander vergadering plaasgevind het. Ek het observasie daar gehou en gemonitor totdat die twee vergaderings verdaag het. Dit was deels my opdrag om die monitering te doen en per radio kontak te lewer aan die Lebowa polisie wat die situasies by die twee plekke is.

Het u dus op en af gery?-- Ek het op en af gery.

Met betrekking tot die organisasies wat die vergaderings georganiseer het, het u melding gemaak eerstens van AZASO? -- Dit is korrek.

Hoe het u dit vasgestel? -- Daar was advertensies aangeplak by die studentesentrum wat persone uitgenooi het na 16 Junie herdenking onder die vaandel van AZASO en soortgelyke herdenkingsdiens-advertensies is te Mankweng aangebring onder die vaandel van MYCO.

Was dit met betrekking tot die vergadering in die Lutherse Kerk?-- Dit is korrek. Ek het die studentesentrum in Mankweng gereeld gepatrolleer ten einde dié tipe advertensies waar te neem of uitnodigings.

En die advertensie vir die vergadering in die Lutherse Kerk het dit melding gemaak van net MYCO? -- Dit was onder die vaandel van MYCO, maar soos ek reeds in hoofgetuienis gesê het, het lede of persone met COSAS T-hempies, MYCO T-hempies die vergadering bygewoon.

Die vergadering van 14 Julie wat blykbaar by dieselfde kerk gehou was, het u ook gesê dit was onder die vaandel van MYCO? -- Dit is deur Peter Mokaba aan die polisie bekend gemaak dat die vergadering onder die vaandel van MYCO gehou word, toe hy in kennis gestel is dat daar 'n verbod op die vergadering is.

... / Dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit is die enigste bron van die inligting? -- Ja.

Laastens, u het melding gemaak van die Lebowa polisiestasie wat onder klippe gesteek was? -- Dit is korrek.

Is u heeltemal seker daarvan? Ek stel dit maar net. Ek het geen positiewe opdrag nie, maar daar is 'n koerantberiggie wat waarskynlik van kolonel Moloto afkomstig was en hier staan "There were, however, some incidents late in the afternoon when the building near the local Mankweng police station was stoned." Ek vra maar net of dit moontlik is dat dit langsaan was of ... -- Die hofgebou is direk langs die polisiestasie geleë en die aanval was vanuit daardie rigting geloods na die polisiestasie. Dit is heel moontlik dat die hofgebou dan ook beskadig was.

Maar dit het u self nie gesien nie? -- Dit het ek self waargeneem, want ek het saam met die groep beweeg van die hek af na die polisiestasie toe.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U het aan die Hof gemeld dat toe u daar beslag gelê het op Nguni se dokumente het hy die goed onderteken, mede-onderteken tot op 'n stadium, toe stop hy? -- Dit is korrek.

Hoekom het hy gestop? -- Hy het net botweg geweier om dit verder te onderteken.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie is Cornelius Jacobus Erasmus. Ons is nog steeds in dieselfde gebied.

CORNELIUS JACOBUS ERASMUS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Pietersburg veiligheidstak? -- Korrek.

U was op 13 April 1985 by 'n padblokkade wat gehou was

... / net

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

net buite Pietersburg? -- Dit is korrek.

Daar was 'n sekere Audi voertuig voorgekeer met registrasie CZP 649 T? -- Ja.

Wie was die insittendes in hierdie voertuig? -- Die bestuurder was Rejoice Mabudafasi. Die ander insittendes Peter Mokaba, Louis Nguni en nog twee ander wie se name ek nie mooi kan onthou nie.

In die voertuig het u beslag gelê op sekere dokumente? -- Ja.

Waar het u die dokumente gekry? -- Die dokumente het op die agterste rak by die venster gelê.

Ek wil eerstens aan u een dokument toon, <u>C(132</u>) volume 8. Die dokument is getiteld "Northern Transvaal Program of Action." -- Ja.

Dan wil ek u ook 'n dokument toon. Herken u hierdie dokument? -- Ja.

<u>ABA(26</u>). Die twee dokumente, wat kan u vir die Hof van hulle sê? Het u dit in die voertuig gekry of wat se kennis daarvan dra u?

<u>HOF</u> : Nee, wag nou so 'n bietjie. U kan nie die ding so hopeloos deurmekaar aanbied nie. U moet eers die dokument vir ons identifiseer sodat die naam van die dokument by die nommer van die dokument is, sodat as die dokument wegraak, dan weet ons waarvan ons praat. Wat staan bo-aan daardie dokument?

<u>MNR. FICK</u> : Kan u vir die Hof uitlees wat is die opskrif? -- "Memorandum of the changing political complexion of the Northern Transvaal region."

Is dit die dokumente wat u in die voertuig gevind het? -- Ja.

<u>HOF</u> : Met die koevert? -- Nee, sonder die koevert.

Maar by my dokumente is daar 'n koevert. Waar kom die

... /koevert

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

koevert dan vandaan?

MNR. FICK : Die oorspronklike het hy enige koevert agter aan? -- Die stuk was agter aan die "Program of Action Northern Transvaal."

HOF : Was die koevert so, soos hy hier is, agter aan die "Program of Action" of was die ding in 'n koevert? -- Nee, hy was nie in 'n koevert nie.

Soos hy nou lyk? -- Ja.

Nie gevou nie? -- Nie gevou nie.

Was daar dan nie 'n koevert nie? -- Nee, ek het nie die koevert opgemerk nie.

HOF : Haal die koevert af.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : U Edele, dit is so dat ek geen opdrag het in verband met die voorval nie. Ek gaan geen vrae stel aan die getuie nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat roep is Pieter Andries Dreyer.

HOF : Mnr. Fick, ek het natuurlik bietjie 'n probleem waarom hierdie getuie hierdie hele pad moes kom om hierdie twee dokumente te kom identifiseer. Ek het gedink dit is deel van die samesprekings dat hierdie soort van ding erken word. Trouens, hierdie dokument is in elk geval erken per AAS(5). Ek weet nie of u dit weet nie, dat dit 'n erkende dokument is, so ook die ander wat ons al gehad het, die drie ander. Al die C dokumente wat vanmôre hier ingehandig is.

MNR. FICK : Dit is so, maar ek handig die C dokumente net die oorspronklikes op deur die getuies.

HOF : As 'n dokument erken is, hoef u nie die oorspronklike in te handig nie. U kan die oorspronklike sommer inhandig

... / daar

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daar vanwaar u staan. U hoef nie die getuie te roep om dit te doen nie.

<u>PIETER ANDRIES DREYER</u>, v.o.e.

<u>ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK</u> : U is 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Pietersburg verbonde aan die veiligheidstak? -- Dit is reg.

Op 5 Junie 1985 is u na 'n sekere koshuiskamer by die Universiteit van die Noorde? -- Dit is reg.

Wie bewoon die koshuiskamer?-- Goodwin Socikwa.

Is hy bekend aan u? -- Ek het hom daar leer ken.

<u>HOF</u> : In die kamer? -- Dit is reg.

<u>MNR. FICK</u> : U het sy kamer deursoek? -- Dit is reg.

Het u beslag gelê op 'n aantal dokumente daar?-- Dit is reg.

Terwyl u besig was met die beslaglegging, wat het gebeur? -- Van die ander polisiemanne op die perseel het ons gewaarsku dat van die persone of van die Universiteitstudente besig was om te mobiliseer, om bymekaar te kom onder by die Universiteit en dat ons die kampus moet verlaat en ons het toe die kampus verlaat.

Het u die dokumente wat u op daardie stadium op beslag gelê het saamgeneem?-- Dit is korrek.

En die persoon Socikwa, was hy saamgeneem? -- Hy het saam met ons gegaan.

Dan wil ek net die dokumente aan u toon. Eerstens 'n dokument AWA(27). Die opskrif is "Students Representative Council." Verteenwoordigende studenteraad. 2 Mei 1985, 'n memorandum. Is dit een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is reg.

U Edele, dan wil ek net ophandig die oorspronklikes van <u>W(42)</u>. Dit is die UDF News Transvaal. Oktober 1984.

... / Dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit is volume 8.

HOF : Hier is vier afsonderlike dokumente in W(42). Al vier is toevallig erken. Mnr. Fick, ons kan nie hier getuienis hê van dokumente wat erken is nie, behalwe as daar iets besonders in die getuienis is. As daar 'n erkenning is dat hierdie dokument op 'n sekere tyd by 'n sekere man gekry is en dit is al wat die getuie kom sê, wil ek die getuienis nie hoor nie. As daar iets besonders in die getuienis is, sal ek daarna luister.

MNR. FICK : Ek wil dit net ophandig sonder om die getuie daaroor te vra. Dit is die laaste dokument.

HOF : Toon die dokument eers aan die getuie sodat hy dit behoorlik kan identifiseer as u nou tog met die ding besig is. -- Dit is reg.

MNR. FICK : Dan wil ek ophandig W(34). Dit is 'n dokument getiteld "Challenge" volume 4 nr. 2. Kan u hom ook identifiseer as een wat u op beslag gelê het?-- Dit is reg.

Dan wil ek ook ophandig dokument AE(32). Dit is 'n dokument "Tsogang Basadi, Women Awake. August 1984." Identifiseer u hom ook as een van die dokumente? -- Ja.

Ek toon u dan ook verder dokument ABA(28). Dit is "Preamble" van 'n "constitution" van die "Students Representative Council." Is dit een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is reg.

HOF : Sê vir my, mnr. Fick, wat is van belang in hierdie konstitusie wat u interesseer?

MNR. FICK : Dit is net die werksaamhede van die Studenteraad ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wys vir my watter paragraaf. Ek weet wat 'n Studenteraad doen. Ek was self op een. Watter paragraaf is vir u van belang?

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Artikel 2. Spesifiek net artikel 2 oor wat sy werksaamhede veronderstel is om te wees.

HOF : Ons weet wat 'n Studenteraad doen. Wat is van belang in Artikel 2?

MNR. FICK : Die hele artikel 2 oor wat sy werklike doelstellings is.

HOF : 'n Studenteraad het te doen met die studente se sake op die universiteit. Wat is eienaardig in hierdie artikel 2?

MNR. FICK : Nee, daar is niks eienaardig daar aan nie.

HOF : Maar waarom word die hele konstitusie ingehandig? Wat het ons met die konstitusie te doen? Dit geld vir die vorige dokument wat u ingehandig het ook van hierdie vroue-organisasie en 'n klomp ander dokumente. Gaan daar ooit weer na die goed verwys word?

MNR. FICK : Die Staat sal later betoog ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, ek vra u nou wat u daarmee gaan doen. As u my nie nou kan sê wat u daarmee gaan doen nie, gaan ek weier om hierdie goed te ontvang, omdat dit irrelevant is en dit is wat ek vir u nou sê.

MNR. FICK : Die Staat handig dit in om aan te toon wat die doelstellings is waarvoor hulle eintlik gestig was en dan sal die Staat getuienis aanvoer of bring dat dit is nie wat hulle werklik gedoen het nie.

HOF : Wat is hulle doel nou, sê u?

MNR. FICK : Die Staat se betoog sal wees dat hulle in waarheid niks anders as AZASO is nie en dat hulle aangaan met AZASO se bedrywighede en nie hierdie bedrywighede werklik by hou nie.

HOF : Waarom is dit nodig om hierdie konstitusie in te sit? U kan my net vertel wat AZASO se bedrywighede is deur middel van 'n getuie.

MNR. FICK : Dit is so, maar ek weet nie of My Geleerde Vriend

... / later

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

later bereid sal wees om toe te gee dat dit die doelstellings van die organisasie is, as die dokument nie voor die Hof is nie.

HOF : Kom ons kyk na die vorige dokument AE(32). Wat is van belang in die dokument? In watter verband gaan u hierdie dokument gebruik?

MNR. FICK : AE(32) - u sal u herinner dat daar geen erkennings is deur die verdediging van enige aard oor verspreiding van dokumente nie en dit is ons submissie dat ons wil aanvoer dat hierdie dokument self gevind is by hierdie plek, dat hierdie kampanjes wat hier genoem word op bladsy 1 byvoorbeeld, die mense daar in Mankweng bewus gemaak word van hierdie kampanjes, dat hierdie goed ook daar gevoer is, dat daar met ander woorde samewerking tussen ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Goed, hy kan ingaan. Gooi die konstitusie ook maar daar by. Die volgende dokument?

MNR. FICK : Dit is 'n boek uitgegee deur AZASUM Maart 1985 volume 1 nommer 1. Dit sluit die beleid van AZASUM in met sy presidensiële rede, hoe hulle die stryd voer. Herken u hierdie dokument as een waarop u beslag gelê het? -- Dit is reg.

Dit is ABA(29).

HOF : Vir rekorddoeleindes daar staan bo-aan "Awake Black Student."

MNR. FICK : Ek wil u dan toon die volgende dokument ABA(30). Dit is 'n dokument wat 'n opskrif het "We dip our banner in salute to heroes of the revolution, murdered by the apartheid regime in 1983" met foto's van Simon Mogorane, Jerry Mosiloli en Thabu Ndaung en 'n boodskap deur Alfred Nzou, die "general secretary." Herken u hierdie dokument as een waarop u beslag gelê het in die motor?

... / MNR. TIP

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. TIP : Daar is nou sprake van 'n motor.

HOF : Ek het ook gedink ons is nog in 'n koshuiskamer.

MNR. FICK : Ekskuus, in die kamer. Is dit wat u in die kamer op beslag gelê het? -- Ja.

HOF : Hier is handskrifte op wat sê "Mogorane, Leroy en Motame." Was dit daar op of het julle dit daar opgeskryf? -- Dit was daar opgeskryf.

Die name was daar by geskryf by die foto's? -- Dit is reg.

MNR. FICK : Ek toon u dan ABA(31). Dit is 'n toespraak. Die dokument is getiteld "Speech. The national democratic struggle." Dit is deur Sidney Magomadi van GAWUSA. Herken u hierdie dokument? -- Ja.

Dan toon ek aan u die volgende dokument ABA(32). Sy opskrif is "Nkomati and obstacles to peace." Herken u hierdie dokument? -- Ja.

Was hy ook in die kamer gekry? -- Dit is reg.

Die volgende dokument wat ek aan u wil toon is ABA(33). "We must organise ourselves .... " (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons nou net so 'n bietjie dink. Waar gaan dit heen? Hier is 'n dokument wat u nou ingehandig het wat nie eers 'n naam op het van iemand nie. Die persoon in wie se kamer u dit gekry het, is ene Socikwa. Wie is hy?

MNR. FICK : Het u daarna vasgestel wie hierdie persoon is? -- Ek het daarna vasgestel wie hy is.

Kan u vir die Hof sê wie is hy? -- Hy is 'n lid van AZASO. Hy is ook die publisiteitsekretaris van die Students Representative Council van die Universiteit van die Noorde.

Dan wil ek aan u toon ABA(33). Dit is 'n dokument, daar staan "O.R. Thambo, we all must organise ourselves into a conquering force." Herken u hierdie dokument? -- Ja.

Was hy in die kamer gekry? -- Dit is reg.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek toon u dan ook ABA(34). Dit is 'n dokument met die opskrif"Nelson Mandela will be ..." dan is daar geskryf "65 years old tomorrow. Born 1918-07-18." Dit word afgesluit met 'n versoek "Release Mandela and all South African Political Prisoners." -- Ja.

Hy is ook in die kamer gevind? -- Dit is reg.

Ek toon u dan 'n dokument ABA(35). Die opskrif is "Statement of the National Executive Committee of the African National Congress on occasion of January, 8 1984 delivered by the president O.R. Thambo." Is dit een van die dokumente waarop u beslag gelê het in die kamer? Is dit soos die ding gekry is of is daar 'n oorspronklike? -- Daar is 'n oorspronklike in die hof.

Is hy 'n bewysstuk in 'n ander saak? -- Hy is 'n bewysstuk in 'n ander saak.

HOF : Is hy ook so dof soos hierdie een? -- Ek kan u nie sê nie.

MNR. FICK : U Edele, die volgende dokument wat ek aan die getuie wil toon - daar is 'n aantal aparte dokumente van die ANC wat later ingehandig sal word deur ander getuies. Hierdie dokument is identies aan 'n dokument wat ek gemerk het AAF(7).

HOF : As u hom deur die getuie laat inhandig of identifiseer, moet ons hom seker hê. As u hom 'n ander nommer wil gee as die deurlopende een, is dit u eie saak. AAF(7) is goed genoeg vir my.

MNR. FICK : Ek sal hom AAF(7) maak. Is dit een van die dokumente wat u ook gevind het in die kamer?

HOF : Die opskrif is "Mayibuye."

MNR. FICK : Nr. 8 1983 "The year of united action." -- Ja.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Mnr. Dreyer, u sê dat u op 'n

... / latere

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

latere stadium vasgestel het wie die mnr. Socikwa is? -- Dit is reg.

Van wie het u dit vasgestel? -- Die lede van die personeel wat by die Universiteit van die Noorde gemoeid is.

Dus uit u eie kennis weet u nie of hy aan die organisasies behoort het of nie? -- Ek weet dit nou.

Nee, maar dit is nadat rapporte aan u gemaak is deur ander persone? -- Dit is reg.

Ek wil u net vra in verband met die prosedure. Op van die dokumente verskyn daar verskillende parawe. Is dit so? -- Daar is drie handtekeninge op elke dokument.

Wie s'n is dit? -- Dit is my eie handtekening, sersant Chauke s'n en dan die persoon Socikwa self.

Waar is die handtekeninge gemaak? -- In die polisiestasie by Seshego.

Wie het die dokumente gedra van die kamer van hierdie persoon na die motor? -- Socikwa self.

My Lord, I have no instructions to take the matter any further and I have got no further questions.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

HOF : Hoe ver is Seshego van die universiteit af? -- Dit is rofweg geskat seker so 50 kilometer.

Oos? -- Noord-oos.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MR TIP : My Lord, at this stage if I might just very briefly address Your Lordship on the attitude of the defence to these various documents. As far as we know this person was not in any cited as a co-conspirator in this trial, this Socikwa. That of course does not in itself mean that a document cannot be produced, but we would like the State to be left under

... / no

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

no illusion that we reserve our right against the admissibility of these documents in this trial and on these charges against the particular accused. My Lord, the admissions document, AAF(5) has been referred to here and I might just again reiterate that we have not in that document admitted authorship and that is not to make life difficult for anybody here, but to preserve the rights of the accused. I want to touch briefly also on - I do not intend to be addressing the Court fully on this matter - the question of distribution which came up incidentally in relation to the document AE(32). My Learned Friend indicated that it was being tendered by this witness because the defence had refused to make admissions in regard to distribution. We have made admission as to where the documents have been found. If My Learned Friend wanted to have an admission from us that this document was found also in or at the University of Turfloop, and he had indicated why he considered it relevant, and what his proof was, I have no doubt that we would have made that admission. I would appeal through Your Lordship to the State that if there are further such documents which are to be tendered through witnesses for a limited purpose of that sort, then we would be very approachable in that regard.

COURT : I note that. It seems to me as the witnesses are here, it may as well be led. It is much quicker.

MNR. FICK VRA VIR VERDAGING.

HOF VERDAAG TOT 26 JUNIE 1986.

\- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017